Matie Reis en Veldryklub Jaarprogram

18 – 21 Maart 2006: *Baviaanskloof*
Tussen die Kouga en Winterhoekberge in die Oos-Kaap skeur die sandsteen rotse oop om die kloof te vorm. Kom geniet die natuurskoon en rustigheid, sien boesmantekeninge en die oorblyfsels van 'n hysbak-kabel-kontrêpsie en hoor die storie van die volstruis wat gedink het hy kon vlieg.

14 – 17 April 2006: *Griekwa Psalms*
Hans du Plessis se bundel Griekwa Psalms *Innie Skylte vannie Jirre* is uitverkoop kort nadat dit bekend gestel is. Ry saam en slat saam met ons jou twee oge op om die natuur te ervaar en die mense van die Griekwa Psalms beter te lekker ken.

01 – 07 Mei 2006: *Lesotho*
Ons besoek skouspelagtige watervalle, ry paaie wat slegs met 4X4 voertuie toeganklik is, slaap by gemeenskapsfasiliteite wat deel van die "Work for Food" projek is, gaan op 'n toer van die Katsedam, ry oor die Dak van Afrika en geniet 'n bier by die hoogste "pub" in Afrika. Verdien jou Basotho-hoed en kom ry saam!

24 Junie – 07 Julie 2006: *Tanzanië*
Dit is moeilik om hoogtepunte uit te sonder, want die hele toer beloof om 'n hoogtepunt te wees: uitsigte op Kilimanjaro; kennismaak met die trotse Masai; ry deur die Ngorongorokrater en Serengeti en besoek "Stone Town" op Zanzibar.

07 – 17 Julie 2006: *Uganda*
Ons beplan 'n uitsondelike toer wanneer ons met 'n "overland truck" deur Uganda gaan ry om van die hoogtepunte te besoek: Lake Mburo Nasionale Park, die hoogtepunt, "Gorilla Trekking", Queen Elizabeth Nasionale Park en 'n 2 dag vlotvaart op die Nyl.

05 – 09 Augustus 2006: *Kleinzee*
Kleinzee is so 90km suid van Port Nolloth en bekend vir sy diamantmyn. Daar is baie mooi 4X4 roetes uitgelê. Ons sal ook gaan skeepswrakke besoek wat oor die jare daar gestrand het en 'n begeleide toer deur die diamantmyn van De Beers meemaak.

24 – 29 September 2006: *Lüderitz – Walvisbaai*
'n Besoek aan die Namib is 'n onbeskryflike, lewensverrykende ervaring. Nie net sal die ervaring van duinery jou adrenalien laat pomp nie, maar sal die natuurskoon en ongerepte landskap jou vir ewig bybly.

17 – 19 November 2006: *Laingsburg Vloedroete*
Een van die grootste natuurrampe in Suid-Afrika was in Januarie 1981. Die water van die Buffelsrivier, wat deur Laingsburg loop, het oor sy walle gebars, die dorp is oorstroom en 130 mense is dood. In 1987 het Buffelspoort Nasionale Erfenis-status gekry en kan die gebied besoek word deur die pad te volg wat die vloedwaters gekalwe het.

Vir meer inligting of om te bespreek kontak Jurgens Schoeman by 082 341 6733 of e-pos jurgens@telkomsa.net

Hans **Heese**

Oudmatie Veldryklublede doen dit in die Kammanassie!

Verskeie Oudmaties het tussen 30 September en 2 Oktober 2005 die voorreg gehad om bergroetes in die Kammanassiegebied te ry waar Jan Alleman maar net van kan dróóm om te ry. Dit was moontlik danksy die organiseerder van die klub, Jurgens Schoeman, en sy uitgebreide, informele netwerk van Oudmaties wie se harte reg klop.

Die beginpunt en oornagplek was by Eagle Falls in die Langkloof en die eerste roete wat aan die beurt gekom het, was die ou wapad tussen Avontuur en Uniondale wat tussen 1863 en 1868 deur Thomas Bain as 'n verlengstuk van die Prince Alfred-pas gebou is. Die klipwerk van die pas steek niks af by dié van die Romeinse meesterpadbouers se strukture nie. Die gids was die bekende Oudmatie Jimmy Zondagh, wat met groot entoesiasme en kundigheid die gevegte tussen Boere en Britte in die klowe haarfyn beskryf het. Die dag se rit is paslik afgesluit met kaas en wyn in die bekende Engelse fort by Uniondale. Die tweede dag is die hange en kruine van die Kammanassieberge aangedurf en middagete op 'n bergkruin tussen 'n bont verskeidenheid veldblomme genuttig. Die vergesigte vanaf die besondere roete kan moeilik geëwenaar word. Maar vir sommige lede was die kommentaar, gesprekke en kwinkslae wat op die burgerbandradio's in die voertuie gelewer was, kortkop agter die indrukwekkende uitsigte! Laurence Howell, Oudmatie van die Langkloof, het hierdie besonderse roete vir ons gereël.

Die Kammanassie toergroep

'n Uithaler-spitbraai het op die Oudmaties by Stompdrifdam gewag; 'n aand se lekker kuier en gesels en die Sondagoggend 'n sjampanjebrekfis op 'n boot in die dam. Voordat die lede in vier windrigtings verdwyn het, is die historiese Lutherse Sendingkerk by Amalienstein besoek voordat die Seweweekspoort en die Bosluiskloof aangepak is en die veldpadtoer met middagete by die Gamkapoortdam afgesluit is.

Kommentaar van 'n "eersteling" op die Oudmatie toer: "Dit was die lekkerste naweek wat ek nog gehad het; met die lekkerste mense!" Dankie ook aan Oudmatie Danie Terblanche, van die Klein Karoo Landbou Koöperasie, wat vir ons heerlike volstruisbiltong geskenk het, asook aan die Kango Wynkelder op Oudtshoorn vir die heerlike Port.

m

Die Oudmatie Veldry Klub brei ook nou uit na 'n Oudmatie Reisklub. As jy wil saam reis, laat hoor gerus van jou. Kontak vir Jurgens Schoeman by 0823416733, of stuur 'n e-pos na jurgens@telkomsa.net